

BENODIGDHEDE: Ongeveer 250 g Elle Frolic-dubbelbreigaring; 'n paar drade wit, donkerblou, pienk, beige, oranje en helderpienk vir borduurwerk; ritssluiters van 40 cm; een paar breinaalde van 4 mm.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 61 cm te pas.

SPANNING: 20 ste en 27 rye = 10 x 10 cm oor koussteek.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - awe-regs; st(e) - steek(steke); alt - alternatiewe; awg - aweregsgewys; gs - glipsteek; herh - herhaal; weersk - weerskante; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; tes - te-same; ulg - volgende; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rif - riffelsteek (= een regs, een aweregs). **Buissteek** vir onderste voorpantrande: r 1, gl 1 awg; in daaropvolg rye brei gs regs en glip r-st awg.

Borduursteke: Satynsteek, stamsteek, invulsteek, stersteek.

AGTERPANT: Stel 60 ste op en brei 6 cm rif.

Slaan oor na koussteek, vermeer 12 ste eweredig gespasieer oor eerste ry.

Brei voort tot werk 25 cm lank is vanaf begin.

Raglanafskuinsing: Vermin 1 st aan weersk, net na eerste en net voor laaste st deur aan begin van ry „glip 1 steek, brei 1 st regs, trek gs oor” te brei en aan einde van ry 2 ste tes te brei. Herh elke alt ry.

Brei voort tot werk 42 cm lank is en heg oorbl 24 ste af.

EERSTE VOORPANT: Stel 30 ste op en brei 6 cm rif. Slaan oor na ks, vermeer 5 ste eweredig gespasieer oor eerste ry.

Brei voort tot werk 25 cm lank is.

Raglanafskuinsing: Soos agterpant.

Brei voort tot werk 37 cm lank is.

Halsvorming: Heg aan halsrand een keer 3 ste af, daarna 1 st 5 keer.

Wanneer vermin voltooi is, behoort daar geen ste meer oor te wees nie.

Brei tweede voorpant op dieselfde manier, al die vormings omgekeerd.

MOUE (2): Stel 28 ste op en brei 5 cm rif.

Slaan oor na ks, vermeer 8 ste eweredig gespasieer oor eerste ry. Vermeer daarna 1 st aan weersk, 10 keer.

Brei voort tot werk 26 cm lank is.

Raglanafskuinsing: Soos agterpant.

Brei voort tot werk 45 cm lank is. Daar behoort dan slegs 6 ste oor te wees. Heg af.

AFWERKING: Borduur sleemotief op voorpant met behulp van foto en skets wat ware grootte is.

Vir die beste resultate moet dun papier aan die breiwerk vasgegryp word waar sleemotief geborduur gaan word. Borduur dan met satynsteek.

Werk sy- en raglannate toe.

HALSSTROOK: Tel 70 ste om halsrand op en brei 3 cm rif.

Slaan oor na buissteek vir laaste 4 rye en maas steke met naald en garing toe om af te heg.

VOORPANTRANDE: Tel 104 ste op uit voorpantrand — halsrand bygetel — en brei 1 cm buissteek. Maas steke af soos vir halsstrook. Werk laastens ritssluiters in posisie aan voorpant vas.

NA BLADSY 88



REG VIR DIE KOUE

HEELTEMAL ONGEWOON

VAN BLADSY 66

en heg oorbl 30 ste af.

Brei tweede helfte met omgekeerde vorming.

MOUE: Stel 50 ste op met turkoois en 4-mm-Ne en brei 4 rye buis-st.

Slaan oor na enkelrif en brei 9 cm; vermeer 20 ste eweredig gespasieer oor laaste rif-ry.

Slaan oor na wit en 5-mm-Ne en brei kabel-st oor 16 ste, vermeer 1 st aan weersk van elke 4e ry, 16 keer altesaam.

Brei tot werk 50 cm lank is vanaf begin en heg af.

KRAAG: Tel met wit breigare en 4-mm-Ne ste linkerhelfte van halsrand op (120 ste) en brei 10 cm enkelrif.

Slaan oor na buis-st, brei 4 rye en heg af volgens maasmetode.

Brei tweede helfte van kraag op dieselfde manier, maar met blou breigare.


AFWERKING: Werk alle nate toe.

VLINDERS VIR 'N SONSTRAAL


VAN BLADSY 70

DIAGRAM VIR PLASING VAN VLINDERS

- ☒ glip 1 steek met garing voor
- ☐ 1 steek en 1 ry



Vang met borduurgaring die 4 drade in die middel stegig vas om die vlinder te vorm. Steek naald deur en werk garing aan VK kant van werk af.



DOEN DIT DIE REGTE MANIER met FADE-AWAY

Swaai die skaal vandag nog in jou guns en klim kilogramme ligter uit jou vet verlede... 'n Apteker en 'n dieetkundige het saamgespan om na al die aspekte van 'n dieet te kyk sodat jy hier 'n program het wat dit op vyf maniere vir jou makliker wil maak, nl.

- ★ eetlusbeheer
- ★ vitamienaanvulling
- ★ metabolisme-regulering
- ★ vesel
- ★ gebalanseerde etes.

Die beste manier bly tog nog maar die regte manier – en jy kan soveel as 12 kilogram in 4 weke verloor! Verweselik hiermee jou grootste begeerte, nl.

- ★ effektiewe gewigsverlies
- ★ langdurige gewigsbeheer

Klim kleiner in jou wintersklere in!

Knip jou skaal se segetog kort!
Maak dit 'n mooi maer more!
VANDAG nog!

Jy **KAN** – met behulp van **FADE-AWAY**. Geld terug waarborg indien volledige dieetkurse (onbeskadig) binne 14 dae teruggestuur word.

Stuur asb. dadelik vir my die volledige Fade-Away dieetkurse. Ek sluit 'n tjek-/posorder/kontant vir die spesiale prys van R60 (R52, AVB R6,24, verpakking en posgeld R1,76 hierby in.)

Naam:

Adres:

Kode: Telefoon:

Stuur aan Fade-Away, Posbus 9021, Van Riebeeck Park 1629. Telefoon: (011) 972-8316

(Ook direk verkrygbaar by GLEN ALLEN APTEEK, h/v Partridge en Cactuslaan, Allen Grove, Kempton Park)

RR/8/7/87

REG VIR DIE KOUE

VAN BLADSY 71

